



KAMMANUUS

Nommer 237

30 Junie 2008

TOULEIER

Gautrein kos R4 miljoen per uur - en ons vorder!



VERSKEIE lesers het aangedui dat hulle so nou en dan 'n bietjie meer van die Gautrein wil hoor, Veral waar ons nou al trek. Die meeste wil weet of ons die 2010 sokker Wêreldbeker gaan haal.

Met dié dat Danie en Ria en Risa van Egefrikaans toe sommer self nou die dag kom kyk het, dag ek dis tyd dat ek bietjie uithaal en wys.

Daar is so baie om te vertel dat ek dié keer net gaan konsentreer op die ondergrondse deel. Dit strek vanaf die ou Park-stasie tot by Marlboro-portaal naby die N3, daar by Linbro sakepark.

Ek moet dit sommer dadelik duidelik stel dat die hele projek eintlik los staan van die sokkerstorie. Ons doen egter ons bes om in nasionale belang betyds klaar te wees met die eerste fase. Dis nou die trajek tussen Sandton-stasie en die lughawe.

Dit sal maar bars gaan. Ons standaard antwoord is gewoonlik dat mense eerder moet stres oor of die res van die land betyds klaar gaan wees! Moenie oor ons deel komkommer nie, ons weet wat ons doen!

Dinge vorder heel goed. Van die ondergrondse deel, waarby ek betrokke is, is al meer as 6 km van die beoogde 15 km klaar. Ons het die tunnels opgedeel in nege stukke en ontsluit hulle vanaf 'n totaal van tien fronte.

Die grootse deel van die tunnels loop deur graniet, wat van die hardste gesteentes in Suid-Afrika is (kyk maar waarvan word die meeste grafstene gemaak). Ons boor en blaas dit dus met springstof. Natuurlik met groot omsigtigheid, want die tunnel loop op plekke 'n skamele 20 tot 30 meter onder huise en kantoorblokke deur.

Vanaf Park-stasie is 'n enkelspoor tunnel. Weens veiligheidsredes (soos brandgevaar) is daar in hierdie gedeelte elke kilometer 'n noodskag waardeur mense gered kan word.

By elke skag is daar 'n ondergrondse saal waarin passasiers kan skuil indien daar 'n noodgeval ontstaan. Ons gebruik intussen sommer ook hierdie skagte as ontsluitingsfronte om die tunnels gouer klaar te maak.

Die deel vanaf park gaan ook deur die gouddraende kwartsietlae van die Witwatersrand. Jy kan jousef voorstel hoe deeglik dié deel ondersoek word na elke blaas!

Weens streng omgewingsbewaringsvoorskrifte word baie geld bestee om dinge soos stof en klank te beheer. Een van die skagte is byvoorbeeld in 'n systraatjie langs Oxford-straat en dis so mooi toegebou en klankdig gemaak dat die inwoners skaars daarvan weet.

Op elke terrein is ook 'n watersuiweringsaanleg om te verseker daar is geen besoedeling van die omgewing deur ons produksiewater nie. Van koste gepraat, ons spandeer tans sowat R4 miljoen per uur. Ja, dis nie 'n tikfout nie, dit werk uit op sowat R30 tot R40 miljoen per dag!

Van die reuse 145 meter lange tunnelboormasjien wat ons in die sagte grond by Rosebank gebruik, vertel ek 'n volgende keer meer. Laat weet net of julle nog wil hoor.

Hennie Greeff
Gomorra, Duskantland





ROELFIE SLAAT RAAK

□ BAIE Belangrike Persone



TOE Liesbet II van Ingeland die parlement in 1995 besoek het, is 'n badkamer spesiaal vir haar alleengebruik ingerig. Nou het speaker **Baleka Mbete** - die ANC se baas van amper alles - besluit sy is net so belangrik. Een van die toilette naby Haar Hoogheid se kantoor is gesluit, en sy alleen dra die sleutel.

Daar is twee stoele, twee spieëls en twee droërs. En daai ding wat sy op haar haar kop dra (sien foto) is seker die naaste aan 'n kroon waaraan hierdie onbekwame vrou ooit sal kom.



Net so belangrik deesdae is **Tito Mboweni**, baas van die Reserwebank. 'n Amptelike fotograaf is al wat voortaan by sy vergaderings en dinge toegelaat gaan word. Dis nou om te sorg dat daar nie dalk 'n onvleiende sneppie van hom - soos een waarop hy die sweet afvee - verskyn nie.

► **Nie eens PW Botha het hieraan gedink nie!**

□ Hier kom nog sokker-sports

FIFA se grootbaas het gister erken daar is 'n Plan B vir 2010 se sokker. Roelfie wil hom sommer dadelik geluk wens met sy nugter denke.

In Slaapstad het die hele Metro-polisie 'n ruk terug hul speelgoed uit die kot gegooi, self die snelweg versper en toe maande lank op betaalde verlof tuis gebly.

In Bobbejaansberg staak die Metro-manne ook, en toe begin hulle en die gewone polieste op mekaar skiet.

Intussen het Tafelenbedjie die land se polisiehoof, wat skurke in sy vriendekring tel, se kontrak met nog 'n jaar verleng - wat beteken hy is op betaalde verlof.

En op die politieke front wil die grootmenere sommer moord pleeg om te sorg dat Jakob Stortkop die nuwe president word.

Dit lyk of dit net die weermag is wat oorbly wat die orde kan handhaaf, maar nou is dit so dat daar deesdae omtrent net generaals in die verflenterde, dissiplinelose weermag sonder patrone oor is.

► **Roelfie wil nie dinge vooruitloop nie, maar hier kan nog sports kom.**

□ Land vol sepraaises

DUSKANTLAND bly maar vol sepraaises, en elke keer is dit 'n ander departement wat met sy broek op die knieë gevang word.

Eers was Eisjkom erg verbaas dat hy nie genoeg krag het vir die land se groeiende ekonomie nie.

Die polisie weer, is stomgeslaan oor die hemelhoë misdaadvlakke. Dis nou nadat die hele diens getransformeer en al wat spesialiseenheid is, ontbind is.

Die departement van binnelandse sake was ewe verras deur die xenofobiese aanvalle van die laaste ruk. Hy het nooit kon dink dat 'n totale gebrek aan grensbeheer en die grootskaalse korrupsie met ID's so iets tot gevolg sal hê nie.

► Ja nee, dis die een verrassing op die ander. Of "ligte mistykies", soos Schalk Pienaar destyds gesê het.

□ Soustrog-talent

DIE jongste - of dan liever: een van die jongste, want hulle kom dik en vinnig - geklike uitsprake was die handrughou wat die *mini star of lybir* na die land se genaturaliseerde Sjinese gemik het - sonder dat hy geweet het waaroor die nuwe wetgewing nou eintlik gaan.

Dit het Roelfie weer laat dink aan daai Sjinese spreekwoord wat lui: "Man met voet in mond se asem stink heeldag". Nou sien Roelfie neef Max du Preez skryf gereeld oor die "slim" en "talentvolle" leiers in die ANC en sy misd . . . e, regeringsvennote.

► **En al talent wat Roelfie elke dag sien, is hul vermoë om hul bankrekenings uit die soustrog vol te skep.**

Allegaatjie

SOMERKLASSE VIR MANS

by die Volwasse Leersentrum

Registrasie sluit op 16 Julie 2008. Let wel: Weens die moeilikheidsgraad, word klasgroottes tot maksimum agt deelnemers beperk.

KLAS 1:

Hoe om ysblokkiehouers vol te maak.

Stap-vir-stap met 'n skyfievertoning.

Maandae en Woensdae, 19:00 tot 21:00 vir vier weke.

KLAS 2:

Die rol toiletpapier - Ruil hy homself om?

Ronde tafel bespreking. Saterdag 12:00 tot 14:00 vir twee weke.

KLAS 3:

Is dit moontlik om te urineer deur die sitplek op te lig en die vloer, mure en bad te vermy?

Groepoefening. Saterdag 10:00 tot 12:00 vir twee weke.

KLAS 4:

Fundamentele verskille tussen die wasgoedmandjie en die vloer.

Met foto-illustrasie en verklarende grafika.

Saterdag 14:00 tot 16:00 vir drie weke.

KLAS 5:

Aandete-skottelgoed - Kan hulle opstyg en self in die opwasbak beland?

Video-voorbeelde ter illustrasie.

Dinsdae en Donderdae van 19:00 tot 21:00 vir vier weke.

KLAS 6:

Leer hoe om goed te vind deur op die regte plekke te kyk sonder om die huis om te keer en te skree.

Oop forum. Maandae 20:00 tot 22:00.

KLAS 7:

Hoekom dit nie sleg vir jou gesondheid is as jy vir haar blomme koop nie.

Grafika en klankkasette. Drie aande: Maandag, Woensdag, Vrydag van 19:00 tot 21:00.

KLAS 8:

Ware mans vra aanwysings as hulle verdwaal - Persoonlike getuienisse.

Dinsdae om 18:00. Lokaal sal later aangewys word.

KLAS 9:

Is dit geneties moontlik om stil te sit terwyl sy parallel parkeer?

Bestuursimulasies. Saterdag 12:00 tot 14:00 vir vier weke.

KLAS 10:

Hoe om die ideale Inkopie-gesel te wees.

Ontspanningsoefeninge, meditasie en asemhalingsoefeninge.

Ontmoet Dinsdae en Donderdae van 19:00 tot 21:00 vir vier weke.

KLAS 11:

Hoe om serebrale atropofie teen te werk - Onthou verjaarsdae, huweliksherdenkings en ander belangrike datums.

Sluit in hoe om te bel as jy laat is.

Serebrale skokterapiesessies en volle lobotomieë in.

Drie aande: Maandae, Woensdae en Vrydae van 19:00 tot 21:00 vir vier weke.

KLAS 12:

Die stoof en oond - Wat dit is, waar dit is en hoe dit gebruik word.

Praktiese demonstrasies. Dinsdae om 18:00. Lokaal sal later bepaal word.

Diplomas sal aan die oorlewendes uitgedeel word.

Klasse word deur Johannes gelei, wat al hierdie dinge op die harde manier geleer en 35 jaar se ondervinding het.

Hy word bygestaan deur sy Bestuurder en Eggenote, Susanna.



Dié week se giggels

Die evolusie van struikrowery



LEKKER BLOND



Die blondine kuier op die plaas, en sit aan vir ontbyt.
"Ek kan nie verstaan hoekom die melk vanoggend so waterig lyk nie," sê die boervrou.

"Seker maar omdat die koeie heelnag in die reën gestaan het," antwoord die blondine.

VOLLE KENNIS

Die lekkerte van in 'n klein dorpie woon: almal weet wat jy doen wanneer jy nie weet wat jy doen nie.

Ek weet ek moet sterf. Ek wil net nie by wees nie.

BEROEMDHEID

Daar is een voordeel as jy beroemd is: As jy mense op partytjies verveel, dink hulle die fout lê by hulle.

OOR DIE HUWELIK

Twee maniere om jou huwelik op koers te hou: As jy verkeerd is, erken dit. Wanneer jy reg is, hou jou bek.

~ **Patrick Murray**

Ek en my vrou was vir twintig jaar gelukkig. Toe ontmoet ons mekaar.

~ **Henny Youngman**

'n Goeie vrou vergewe altyd haar man wanneer sy verkeerd is.

~ **Rodney Dangerfield**

GHOLF-AFSPRAAK

Piet en Koos was gholfspelers en goeie vriende. Toe Piet op sterwe lê, het Koos sy ou maat gaan groet.

"Koos," sê hy, "jy weet, ons het baie gewonder of daar gholfbane in die hemel is. Maak asseblief 'n plan en kom vertel my wat jy daar sien."

Koos het belowe, en twee aande ná sy dood maak hy sy verskyning.

"Ek het goeie nuus en slegte nuus. Die goeie nuus is daar is baie gholfbane in die hemel."

"En die slegte nuus?"

"Jy is op die lys wat môremiddag om twee uur afslaan."

Enige bogrondse dag is 'n goeie dag



ANDY CAPP deur Smythe





MAKERIEPAS!

Die majoor op die fiets

Deur Pierre Grobler

Ek en 'n vriend van my het pas JLS by 11 kommando in Kimberley voltooi toe RSM Blikkies die klompie van ons bymekaar roep.

Hy sê toe hy soek twee vrywilligers. Teen die tyd het ons nou al mooi geleer 'n man *volunteer* nie vir enige twak nie. Geen man roer 'n vinger nie.

Met 'n moerse stem gil die ou ketel: "As nie een van julle bliksems sy poot wil opsteek nie, dan kies ek maar self een!"

My vriend Dup was die slimste van ons groep, en ou RSM Blikkies het dit baie goed geweet. Skreeu hy weer terwyl hy na ou Dup wys: "Kom hier!!!" en ou Dup tree toe maar uit en hy maak hom toe staan langs die RSM.

Dié sê toe vir Dup, "Kies vir jou 'n maatjie." Wragtig, die blikskottel kyk na my en roep my. Wat kon ek doen? Ek moes toe maar gaan.

Sammajoor Blikkies beveel ons toe om oor 'n uur reg wees met ons *kit*, dan vertrek ons Jan Kempdorp toe. So gesê, so gedaan.

By Jan Kempdorp aangekom, maak ons eers 'n draai by die RSM se kantoor en klaar in. Ons los toe eers ons goeters daar om die kamp te verken.

Toe ons so aanstap, kom daar 'n majoor op 'n trapfiets aan. Die ou was blykbaar op die grens in die linkerarm en borsspier geskiet. Die nagevolg was dat wanneer hy sy regterarm oplig, dan ruk sy linkerarm vanself terug.

Soos hy nader kom, doen ek en Dup die eerbare ding en ons salueer hom.

Dis toe dat hy sy regterarm oplig om terug te salueer, dat sy linker arm die stuurwiel na links ruk en daar slaan die ou neer dat jy net stof sien staan.

Die majoor staan daar op en skreeu op ons: "Weet julle twee bliksems nie dat julle my nie mag salueer as ek op my donnerse fiets ry nie?!"

Hy was so kwaad dat dit lyk of die sweet behoorlik van sy bolip aftap. Hy stuur ons toe na die bevelvoerder se kantoor toe, en dié kry amper 'n toeval oor die insident.

Ná 'n hewige afranseling en verskoning vra en jammer sê van ons kant af, is ek en ou Dup toe daar uit.

Die Vrydagmiddag word ons twee na die PF-kroeg geroep vir 'n paar verwelkomingsdrankies.

Ná 'n hele paar brandewyne en Cokes en die nodige pyltjiespelery hoor ons een hengse lawaai daar van die vuuremmers se kant af.

Ons loer deur die venster en raai wat? Een poephol het so wragtigwaar al weer vir die majoor gesalueer!

GOEIE RUIL

Dit was 'n donker, stormagtige nag en die soldaat was jonk en onervare op wagdiens.

'n Generaal kom met sy hond verbygestap, en hy salueer die rang.

"Goeienaand, manskap," sê die generaal. "Lekker aand, né?"

Die soldaat was nie van plan om oor die weer te redenaar nie, salueer weer en sê:

"Generaal! Ja, generaal!"

Die generaal vertel hom toe van sy hond, en hoe 'n goeie hond dit is en hoe maklik hy leer.

"Ek het hom vir my vrou gekry," sê die generaal.

Waarop die soldaat weer salueer: "Ja, generaal! Goeie ruil, generaal!"

Ons vriende met vlerke

Deur Reinderd Visser



Kleindobbertjie

Dobbertjies - waardige waterdancers

Hul romantiese rituele is gesinchroniseerde waterballet!

ONINGEWYDES wonder seker hoe voëlkykers met 'n verkyker voor die oë vasgeplak vir ure lank onsosiaal en alleen in 'n voëlskuiling langs 'n dam kan sit.

Vandag se drie gevleueldes is een goeie verklaring. Voëlkyk is darem baie meer as net om deur 'n verkyker na 'n klein dingetjie met vlerke en vere te kyk en te wonder wat op aarde dit dan nou is.

Hoe meer fanaties 'n mens oor voëls raak, hoe meer wil jy van hul gewoontes weet, en as die tyd dit toelaat, wil jy dit ook in lewende lywe waarneem. Dobbertjies se spel van die liefde en versorging van hul kleintjies is fassinerend genoeg om 'n ywerige voëlkyker vir 'n lang tyd vasgenaël te hou.

Die drie dobbertjies in Suid-Afrika – die Kleindobbertjie (Little Grebe), die Kuifkopdobbertjie (Greater Crested Grebe) en die Swartnekdoobertjie (Black-necked Grebe) – kom al drie hier by ons voor.

Die Kleindobbertjie is die algemeenste van die drie. Jy sal hulle op damme, by rioolplase en in vleie kry, en die kleintjie hou ook van stil poele in riviere. Laasgenoemde is ook die raserigste van die klomp, met so 'n skril skree wat deur jou lyf sny as jy naby hom is.

Hulle eet almal klein vissies, paddavissies en inseklarwes en duik die meeste van die tyd onder water om hulle te vang. Moenie verbaas wees as 'n dobbertjie duik en jy sien hom eers byna 'n minuut later en 30 meter verder uitdop nie.

Ek het, toe ek oor die uile gesels het, vertel dat hulle die vel en skelet van hul prooi opbring. Dobbertjies het byna dieselfde gewoonte – hulle bring die visgrate op sodra die voedsame vleis verwyder is.

Wat nog interessanter is, is dat hulle vere insluk wat op hul beurt om die visgrate koek om beserings te verhoed met die opbringslag,

Maar dit is hul romantiese sy en rituele wat die meeste aandag trek. Dit is niks anders nie as gesinchroniseerde waterballet! Die mannetjies van die twee groter dobbertjies sal eers enige opposisie verjaag voordat hulle saam met hul maat die eintlike hofmakery begin.

Dit is hierdie hofmakery wat so indrukwekkend is. Elk van die drie dobbertjies het hul eie rituele of roetines, en ek self droom nog daarvan om dié van die Kuifkopdobbertjie in die natuur te sien.

Die paartjie het 'n reeks uitsonderlike danspatrone en kopbewegings wat hulle uitvoer voordat die huwelik voltrek word (dankie National Geographic vir die beeldmateriaal).

Die Kleindobbertjie staan darem nie ver terug nie en dié kon ek darem al beleef. Om dit hier te probeer beskryf, sal nie reg daaraan laat geskied nie.

Nog 'n interessantheid is dat, wanneer die kuikens uitgebroei het, hulle vir 'n tyd op hul ouers se rug ry terwyl dié besig is om kos te soek.

Hulle oefen ook van jongs af om die danspatrone reg te kan doen. Inderdaad fassinerende waterdancers, wat hier onder ons neuse hul ding doen.

Die kans om die Swartnekdoobertjie en Kuifkopdobbertjie te sien (wat nog te sê hul danspassies) is egter nie so goed soos die Kleindobbertjie nie. Hulle is nogal skaarserig, ek het hulle nog maar enkele kere by die rioolwerke en by plaaslike damme opgemerk.

●Vertel my gerus van jou ervaringe met die voëls in jou omgewing. Skryf aan pos@onsdorp.com en merk dit VIR REINDERD.



Brood vir die Blik

Anna se Tropiese Piesangbrood

250ml rosyne	425g pynappelstukkies, sonder sap
45ml lemoensap	125g botter
125ml bruinsuiker	1 eier, geklits
500ml fyngedrukte piesangs	500ml bruismeel
2ml sout	5ml gemengde speserye

Voorverhit die oond tot 180 °C. Meng die rosyne, pynappel en lemoensap in afsonderlike bak. Klits die botter en suiker saam tot liggeel en donserig. Voeg dan die eier en fyn gemaakte piesang by. Sif die meel, sout en gemengde speserye. Voeg die piesangmengsel by en meng dan die geweekte rosyne en pynappel by. Plaas in 'n gesmeerde broodpannetjie en bak vir 75 minute of tot goudbruin en gaar. Laat afkoel.

● **Geneem uit Anna Eksteen se elektroniese kookboek. Volgende week vertel ons jou meer daarvan.**

- ☆ Moenie die lewe te ernstig opneem nie - niemand kom lewendig anderkant uit nie.
- ☆ Jy is sommer net jaloers omdat die stemme net met my praat.
- ☆ Die aarde is die gestig vir die heelal.
- ☆ Die Liewe Heer hou seker van onnosel mense - Hy het so baie van hulle gemaak.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Een van die suksesvolste afdelings op *Onsdorp* se webwerf is die Stamboom-afdeling. Daar gaan plaas mense die familienaam wat hulle wil navors. Ander met dieselfde van maak dan kontak met hulle, en so vorder die navorsing aan beide kante. *Onsdorp* verskaf net die forum, die werk word deur die mense self gedoen.

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Nieuwoudt

flip@kredibond.co.za

Oorspronklik van Nieuwoudtville. Vader Philippus Frederik Strauss Nieuwoudt. Oupa Michiel Nicolaas Albertus Nieuwoudt.

Vermaak

peet@ptasleelab.co.za

Schreuder

danimir@adeptco.za

Dirker

sterkrivier57@yahoo.com

Op soek na die familiewapen en aankoms in Suid-Afrika.

Boshoff

louis.boshoff@gmail.com

Soek inligting oor die Boshoffs van Philippolis.

Human/Mundell

Mundellve@gmail.com

Wessels

propertybhs@penta-net.co.za

Strydom

Zaan.Strydom@nwu.ac.za

Hier praat ons nou van die Krakeelrivier-Strydoms van die Langkloof. Reeds heelwat inligting met betrekking tot stambome, maar nog name vir opdatering word gesoek. Kontak gerus!



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Braaivleis en Boere bonesop in Sjina

Lieb en Mies Liebenberg, Sjina:

ONS moes elkeen 'n lesing aanbied vir 'n groot groep Chinese studente en die senuwees het geknaag. Al die foreigners moet dit een keer 'n jaar doen. Dit het darem baie goed afgeloop.

Hier sien ons ons klasse vir die laaste keer hierdie week en dan begin hulle met hulle finale eksamen vir hierdie akademiese jaar. Ons punte moet DV teen Vrydag in wees. Dan is dit net nog 'n paar dae voordat ons reis terug begin.

Dit klink of ons met 'n skip kom, so lank neem dit: Die Universiteit neem ons die middag van die 26ste na Shanghai, Pudong Lughawe en dan vlieg ons die oggend (00:50) van die 27ste. Ons land die oggend van die 27ste in Doha waar ons 'n volle dag oorbly voordat ons die Saterdagoggend daarvandaan vlieg om die Saterdagmiddag ongeveer 16:00 in Suid-Afrika te land!

Ons het Saterdagoggend bo-op 'n gebou se dak gebraai. Die wind was net bietjie erg, maar alles het goed verloop. Alhoewel dit al hier somer is, is die weer baie snaaks. Snaaks soos vier seisoene in een dag. Tans reen dit hier en is die wind stormsterkte. Somervrugte is nou volop en ons kry nie genoeg van perskes, waatlemoene, druiwe en litchies nie.

Gister was Vadersdag en ons het vir middagete vir ons 'n groot Chinese pizza gekoop asook 'n yskoue bier. Na dit het ons na die oggenddiens op Radio Sonder Grense geluister, 'n goeie preek uit die Kaap: Weer eens onder die besef gekom van die kortstondigheid van die lewe en dat ons nie hier vir altyd gaan wees nie, gelukkig nie!

Gisteraand het ons 'n Personeelvergadering by ons aan huis. Hierdie vergaderings is altyd by die "South Africans". Hulle vra daarvoor, want dan maak Lieb Bonesop soos wat ons Boere dit ken. Met dit bedien ons 'n verskeidenheid vars brode wat ons in die dorp koop.

(Dit lyk na die laaste brief uit Sjina. Dit was altyd lekker om te lees van al jul wedervering. Laat hoor gerus weer van julle! - Hennie.)

Kotie se skokstok vat die koek!

Louise Venter, Bloemfontein:

Baie dankie vir die gereelde nuusbrief, dit is werklik een van my groot plesiere om hom uit te druk en as 'n 'slaaptydstorie' te lees. Die uiteensetting is uitstekend, die voorkoms netjies en maklik leesbaar en dit prikkel my belangstelling om als te lees. Daar gaan beslis baie tyd en moeite in die nuusbrief.

Saterdagmiddag het ek heerlik ontspan op my bed en die nuusbrief gelees. Die vaak het my al so stadigaan begin bekruipt toe ek by 'Kotie se skokstok' by Agteros kom, maar dadelik het die storie 'n glimlag op my gesig gebring.

Ek het net tot by die middel gevorder, toe lag ek so hard, dat ek met moeite die res kon lees. Nes ek weer wil verder lees, oorval die lag my . . .

Dit was by verre die snaaksste storie wat ek nog gelees het. Baie dankie daarvoor en 'doet so voort'!

Kanadese Kambassadeur

Cathy Kotzé, Nanaimo, Kanada:

EK sal met graagte ons kambassadeur vir Vancouver Eiland wees. Dis een van die paradysse wat ons Heiland geskep het en ek stel dit graag aan Onsdorpers bekend.

As mens 'n plek soek vir 'n wonderlike somervakansie (vir Noord-Amerikaners) en fantastiese wintervakansie (vir Afrikaners uit Suid-Afrika) is Vancouver Eiland

< < <

die plek om te wees. Julie op Vancouver Eiland is die Tuinroete in Desember.

My tuisdorp, Nanaimo, spog met negentien gholfbane. Hier is talle mere in die omgewing met wonderlike kampeerplekke en dis natuurlik 'n kusdorp. Dis die regte plek as mens wil diepseeduik, op die see wil kayak, walvisse wil besigtig, of sommer net wil voetslaan deur die reënwoude.

Dan is daar natuurlik ook die dosyne kleiner eilande om te besoek en ons provinsiale hoofstad, Victoria, is net sowat anderhalfuur se ry ver. Dis 'n stukkie Londen in Kanada en Butchard Gardens is wêreldbekend.

Hierso skyn die son lekker warm en die vlerkies van die dosyne suikerbekkies klink soos woer-woere as hulle verbyvlieg op pad na die malse somer blomtuin toe. My peonies blom nou en hulle geur herinner aan Prins Albert se outydse roostuine s'n. Die hele tuin is 'n fees van kleur.

Kammalanders kan my gerus skakel vir raad en hulp in hierdie geweste.

piecat@shaw.ca

Nog Kambassadeurs meld aan

VERENIGDE ARABIESE EMIRATE

Sandra Holloway, VAE:

Ek het al 'n vorige keer geskryf om een van julle Kambassadeur hier in die VAE te wees, maar omdat julle webwerf hier geblok is, weet ek nie of dit wel so ontvang is nie.

Ons, die Holloways woon al tien jaar hier in Abu Dhabi en ons help graag van die nuwe intrekkers met enige raad en inligting. Hulle kan selfs by my webwerf:

<http://www.tussen-die-duine.blogspot.com> gaan inloer as hulle wil sien hoe dit hier lyk. Dis sleg dat ons nie die Onsdorp-webblad kan besoek nie en ons maak maar staat op die nuusbrieff vir al die stories en wat gebeur. Groete hier uit die woestyn.

NIEU-SEELAND

Jean Meiring, Nieu-Seeland:

Ons woon in Nieu-Seeland in Papakura - dis in Auckland in die noorde van die Noord-Eiland - en sal met graagte nuwe intrekkers wil ontmoet. Ons kan selfs sover as Botany omgewing kontak maak met almal. Sal vir ons n groot plesier wees om ander te kan help.

jeanmei@xtra.co.nz

JOHANNESBURG en elders

Elsje Krafttin

Ek is 'n bemerkingsbestuurder in logistiek en is deelyds lewenstylkonsultant. Ek woon 15 minute van die Oliver Thambo Lughawe, het ekstra akkommodasie in 'n veilige omgewing. Ek reis baie en kom veral in Namibië. Ek het kontakte en vriende in Nieu Seeland, Londen, Cotswold Cheltenham, Zürich Sydney wat hulp kan aanbied. Indien daar enigeen is wat 'n hand 'n oor of raad nodig het, ek help graag.

**Daar is 'n spesiale seksie vir KAMBASSADEURS op ons werf
www.onsdorp.com. Maak gerus daar 'n draai!**

BUFFERPLAKKERS VIR VROU

*As jy **brekfis** in die bed soek, moet jy
in die **kombuis** slaap.*

MOENIE met my sukkel nie. Jy sal verloor.

**As ons is wat ons eet . . .
is ek vinnig, goedkoop en maklik**

AGTEROS

Ode aan die boer

'n Boer glo nie in gesinsbeplanning nie. Min kinders los hy vir die Ingelse, vir mense wat nie 'n groot werf het nie, en diegene wat vir hul vleis moet betaal.

- ◉ 'n Mens kry boere wat nie tipiese boere is nie. Veral jou tjekboekboere. Dit is die dokters, prokureurs, ingenieurs, eiendomsagente en 'n arsenaal onbeskaafde, ryk gomtorre wat hul geld in die stad as *pênelbieters* of aandelmakelaars gemaak het.
Hulle is nie ware boere nie.
- ◉ So 'n halfwas boer se grond is klaar betaal, sy krippe lek nie, sy lyndrade hou jou waaragtig beeste en renosters binne en sy hekke hang nie.
Sy vierwielvoertuig het 'n CD-speler in, is altyd blink en skoon, het nuwe bande en trek 'n nuwe waentjie.
Sy seuns neem dramalesse en weet niks van 'n kettie of dikmelk af nie.
- ◉ Onder die ware boere is daar ook dié meneer wat juis probeer anders wees.
Hy dra denimlangbroeke en gholfkêpse, borsel tande voor ontbyt, gebruik sy eie handdoek en spuit goed onder sy arms.
Vir so 'n boer moet jy versigtig wees.
Hy het waarskynlik nog nooit 'n Joseph Rodgers-mes gesien nie. Hy drink Pinotage by ete, braai vis pleks van tjops en maak die motor se deur vir sy vrou oop.
Hy is 'n sissie.
- ◉ 'n Regte boer dra 'n hoed. Ou boere dra 'n ou hoed met 'n wye rand wat na jare se sweet ruik.
Nuwe boere dra 'n nuwe hoed wat heel onvanpas soos 'n vars miskoek op sy kop lyk.
- ◉ 'n Boer rook 'n kortsteelpyp wat hy met 'n hoenderveer skoonmaak.
- ◉ 'n Boer drink brandewyn met brakwater of Coke. En hy drink hom stêrk, vier vingers sterk, sonder ys.
- ◉ 'n Boer se vrou kan kassies tamaties pak, 'n koolstoof brand maak, truië brei, pap wiele omruil, 'n rinhals agter die yskas doodslaan, duwweltjies uit voete haal en babatjies vang.
- ◉ 'n Boer verneuk niemand nie, behalwe die keiser.
- ◉ 'n Boer betaal nie belasting nie, net BTW, wat hy terugeis.
- ◉ 'n Boer het nie 'n tyddeel nie, maar baie tyd.
- ◉ Hy slaap smiddags tussen een en twee.
- ◉ 'n Boer het net een pak klere wat hy kerk en troues toe aantrek. Die pak is te klein.
- ◉ 'n Boer gaan kerk toe, maar stem nie saam met die Sinode se besluite nie.
- ◉ 'n Boer praat nie Ingels nie, buiten 'n klompie in die Kolonie en Natal.
Maar hy kan 'n swart taal praat.
Wanneer 'n werker die hek laat ooplê en die beeste in die lande kom, praat hy verskeie tale gelyk.
En vinnig.
- ◉ 'n Boer glo nie in gesinsbeplanning nie. Min kinders los hy vir die Ingelse, vir mense wat nie 'n groot werf het nie, en diegene wat vir hul vleis moet betaal.
- ◉ 'n Boer glo nie aan nuwe bande vir sy bakkie nie. Hulle moet glad wees, anders ry hulle nie lekker in die sand nie.
- ◉ 'n Boer huil nie, behalwe as die eerste stoetbalkalf van die seisoen aankom of as sy dogter op die skool se sportbyeenkoms eerste kom.
- ◉ 'n Boer kry nie seer nie en gebruik nie pleisters nie. Hy dra net sy hele lewe lank verbande: twee verbande op elk van sy drie plase.

<<<

- ⦿ 'n Boer skei nie, hy gaan net dood. Ryk boere gaan arm dood en arm boere gaan ryk dood.
- ⦿ 'n Boer se testament lyk anders as ander mense s'n: sy vrou en dogters erf niks grond nie. Die oudste seun erf alles, en verloor weer alles omdat hy dinge op die plaas probeer wat sy pa altyd geweet het nie sal werk nie.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 13 JULIE